## ***ELJADA HUIS MSW***

MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

29 Mei 2014

Dagsê Almal

Kom ons loof en prys die Here vir sy goedheid. Baie dankie aan elkeen wat na my noodkreet geluister het want ons het Maandag reeds ons 500 sms'e ontvang. My hart juig en jubel el die hele week.

Dit beteken ons kwalifiseer vir die R45 000 om die projek van die grond af te kry. Nou moet die grondwerk gedoen word. Eerstens moet die werkruimte ingerig word en die masjiene kan aangekoop word. GK Lyttleton het ons alreeds ondersteun met die aankoop van opvoutafels en skottels en Johan Bloemhof help ook met die aanskaf van die regte verwerkingsmasjiene. Dankie Johan – uiteindelik is ons droom besig om 'n werklikheid te word. Gesprekke rondom groenteverwerking as werkskepping is al vir die laaste twee jaar aan die gang maar die Here het beslis sy eie tyd want fondse was altyd die vraagteken en nou gebeur dinge. Ek voel so klein voor Hom wanneer ek Sy genade so prakties in die huis sien gebeur. Dankie Vader vir U getrouheid. Spreuke 3 vers 5 en 6 is tog so duidelik – Vertrou Hom in alles wat jy doen en moenie op jou eie insig staat maak nie en ken Hom in alles wat jy doen. Dankie Vader. Amen

Die werkruimte moet nou ingerig word en ek sal bly wees as ek bietjie hulp en ondersteuning daarmee kan kry. As julle dalk bietjie handearbeid wil kom verrig is jul welkom – waterpype moet aangelê word, die opwasbak moet ingebou word, teels moet gelê word, rou mure en die plafon moet geverf word, oprolblinders moet aangesit word. ***KOM HELP ASSEBLIEF***

Indien hierdie geleentheid 'n sukses is kom ons in aanmerking vir die Helpende Hand Projek van die Jaar 2014 prysgeld naamlik R150 000(1ste), R100 000(2de) en R50 000 (3de). Sonder u kan ek dit egter nie doen nie. Behalwe die sms'e wat ons saam suksesvol afgehandel het gaan die verwerkte groente te koop aangebied word en dit is waarop ons ge-evalueer gaan word. Sodra die ***werkspasie ingerig is*** kan ek die masjiene gaan kry, die mense oplei en die eerste groente aanskaf om te verwerk. 'n Bestelvorm sal beskikbaar wees vir u maar ek benodig koordineerders vir elke gemeente of besigheid wat die groente sal kom afhaal. Ons vervoer is nie baie betroubaar nie en die koste daarvan gaan ons wins seermaak. Vrydae of Saterdae kan groente afgehaal word by die Eljada Huis. Kontak my asseblief indien u graag hierdie funksie wil verrig binne u eie gemeente. Hierdie projek is dus vir ons almal en almal gaan voordeel trek daaruit. U ontvang heerlike vars/gevriesde verwerkte groente en ons gee werklose mense die geleentheid om 'n eerbare inkomste te verdien. Eljada Huis kan finansieel ook van ons bedryfsuitgawes gedeeltelik daaruit betaal en dus is dit 'n wen wen situasie. Raak asseblief betrokke en versterk my en Petro se hande daardeur. Baie dankie by voorbaat.

Die wonderlike goeie nuus is dat ook die Projek Kussings hul 500 sms'e ontvang het en gaan Eljada Huis dus 'n industriele borduurmajien kry om die eerste been van ons werkskeppings projekte ten volle hier te kan doen. Baie dankie ook vir almal se ondersteuning daarmee.

Op hierdie kosbare noot het ek net nog 'n klein versoekie. Bernadine Adams moet vroeg volgende maand gaan vir die maak van haar tande en dit gaan R2000 kos. Ek het ook 6 mense wat brille moet kry wat gemiddeld R300 per bril kos. As u net een of twee kan borg sal ek dit baie waardeer want die mense kannie hul bybels behoorlik lees nie en ons eie rekening kannie hierdie uitgawes dek nie. Dankie by voorbaat.

Eljada Huis groete. Annatjie.

***Bankbesonderhede***
**Eljada Huis, Standard Bank, Montana,**
**Marketlink spaar, 044396058,**
**Bankkode 051001**

***NOODROEP VANUIT DIE ELJADA HUIS!!!!***

**14 gesinne word tans versorg. 21 Mans, 19 vroue en 14 kinders en ons benodig:**

- **KOS – kontak my gerus vir die behoeftes**
- **Toiletware -**
- **Warmgoed vir die winter**
- **Plastiese sakke en houers, bottels**
- **Ou gereedskap vir die mans.**